

DISSIPELSKAP. LES 18

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> HANDELINGE 11:19 – 14:28
---	---

Maak beurte en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Handelinge 11:19 – 14:28). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS]</i> JOHANNES 15:7
---	--

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(3)

Gebed Johannes 15:7
As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. Johannes 15:7

Johannes 15:7

1. Sekerheid van gebedsverhoring het twee voorwaardes.

Jesus gebruik die woord “as” en leer dat Hy alleen gebede sal beantwoord wanneer aan twee voorwaardes voldoen word.

(1) Jy moet in Jesus Christus bly.

Die eerste voorwaarde vir gebedsverhoring is die onontbeerlike voorwaarde dat jy in Jesus Christus en in sy liefde (vir Hom en vir ander mense) moet bly (Johannes 15:5,9).

Christus bly in Christene! Jesus Christus bly in Christene deur sy Heilige Gees. Die Bybel sê, “Besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.” (1 Korintiërs 6:19-20).

Christene behoort in Christus en in sy liefde te bly. Die verhouding tussen Christus en jouself het verantwoordelikhede na beide kante toe. Aan die een kant, as Christus nie in jou bly nie, is jy nie 'n Christen nie! Die Bybel sê as jy Christus nie in jou het nie, behoort jy nie aan Hom nie (Romeine 8:9-10; 1 Korintiërs 13:5). Aan die ander kant, as jy nie in Christus bly nie, wys jy alleen maar dat jy nooit regtig aan Hom behoort het nie. Dit is jou verantwoordelikheid om in Christus te bly.

Wat beteken dit om “in Christus te bly”? Dit beteken dat jy jouself daaraan toewy om 'n bestendige verhouding met Jesus Christus te handhaaf. Jou eerste prioriteit is 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus en om te leef vir sy doel met jou lewe. Die werkwoord “bly” is in die onvoltooide teenwoordige tyd wat uitdruk dat die “bly in die Here” daaglik voortduur. Sonder hierdie voortdurende aksie, kan daar geen verlossing, geen geestelike groei en geen vrug wees nie!

(2) Die Woord van Christus moet in jou bly.

Die tweede voorwaarde vir gebedsverhoring is die onontbeerlike voorwaarde dat sy Woord in jou bly (Johannes 15:7).

Christene moet in die woorde van Jesus Christus bly. In Johannes 8:31-32 sê Jesus, “As julle in my Woord bly (NAV: aan my woorde getrou bly), is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal

julle vry maak.” In hierdie Bybelgedeelte is dit jou verantwoordelikheid om iets met die woorde in die Bybel te doen – naamlik deur die sewe dissiplines:

- Die woorde van die Bybel (nie noodwendig van ’n spreker) beluister
- Die woorde van die Bybel lees (bv. die Bybel eenmaal per jaar heeltemal deurlees)
- Die woorde van die Bybel bestudeer (bv. elke week by ’n Bybelstudiegroep inskakel)
- Die woorde van die Bybel oordink (mediteer) (bv. elke môre gedurende jou stiltetyd) sodat jy dit verstaan
- Die woorde van die Bybel uit jou kop leer (memoriseer)(bv. één Bybelvers elke week)
- Die woorde van die Bybel toepas (gehoorsaam), sodat dit nie net by kennis bly nie (Matteus 7:24)
- Die woorde in die Bybel aan andere deurgee, sodat jy vrug dra

Die woorde van Jesus Christus moet in die Christen blý. In Johannes 15:7 staan iets anders as in Johannes 8:31-32, naamlik. “As my woorde in julle bly”. In hierdie Bybelgedeelte is dit jou verantwoordelikheid dat die woorde in die Bybel iets met jou doen – naamlik, jou verander! Die woorde van die Bybel moet nie net by kennis bly nie, maar ook jou hele lewe beïnvloed en verander. Deur die Bybel te beluister, lees, bestudeer, oordink, uit jou kop te leer, toe te pas en deur te gee, doen jy iets met die woorde van die Bybel. Maar die woorde in die Bybel moet ook iets in jôú doen! Hulle is bedoel om jou lewe te verander! Dit moet jou gedagterêreld verander, jou Bybelse oortuigings gee, jou motiveer en jou houding verander, jou woorde en jou gedrag bepaal! Die woorde van Jesus Christus word dan die dinamiese krag in jou lewe wat jou lewe beheers. Jesus het ook gewaarsku, “En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met ’n dwase man wat sy huis op die sand gebou het” (Matteus 7:26). As jy net maar kennis oor die woorde van Christus versamel, maar dit nie toepas in jou hart, denke, woorde, gedrag en daad nie, dan sal jou lewe deur die storms van die lewe inmekaar stort en verwoes word. Jy moet toelaat dat die woorde van Jesus Christus in die Bybel die grootste invloed in jou lewe word! Hulle moet jou geloofsoortuigings en gedrag as Christen bepaal. Hulle moet bepaal waaroor jy dink en praat en waaraan jy jou lewe gee. Alleen dan bly die woorde van Jesus Christus in die Bybel ook in jou!

2. Mag ’n Christen in gebed vra wat hy wil?

Ja. Maar ware Christene vra nie sommer wat hulle wil nie, omdat daar dinge is wat God nie van hulle wil. As jy in Christus bly en sy woorde in die Bybel in jou bly, dan sal jy alleen dinge vra wat ooreenstem met die wil van Jesus Christus! Dan sal jy nie vir dinge vra waarvan Hy nie hou nie. Toe Jesus gebid het, het Hy sy gebed geëindig met die woorde, “Laat nogtans nie my wil nie, maar wat U wil geskied” (Lukas 22:42)! As jy God vra dat sy wil gebeur, dan sal God altyd jou gebed beantwoord en altyd sy wil doen! Wanneer jy vir sake bid wat in ooreenstemming is met sy wil, kan jy met groot vrymoedigheid bid (1 Johannes 5:14). Byvoorbeeld, as jy God sou vra om jou hebsug te bevredig en jou suksesvol te maak met wêreldse rykdom, mag en roem, sal God jou gebed nie beantwoord nie. Maar as jy jou beywer om in Christus te bly en dat sy woorde jou lewe beheers, dan sal jy met vrymoedigheid dinge vra en sal jou gebed beantwoord word. “Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking” (Jakobus 5:16)! God is by magte om oneindig “meer te doen as wat ons bid of dink” (Efesiërs 3:20)!

B. MEMORISERING EN HERHALING

1. Skryf die Bybelverses op ’n skoon kaartjie of op ’n bladsy van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelverses op die regte manier. (3) Gebed. Johannes 15:7.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[VERHOUDINGS]</i> VERHOUDING MET DIE TEENOORGESTELDE GESLAG. 1 TESSALONISENSE 4:1-8
---	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 1 Tessalonisense 4:1-8.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD Lees. KOM ONS LEES 1 Tessalonisense 4:1-8 saam. Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.
--

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART? Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek. Deel. (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen ’n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)
--

4:3

Ontdekking 1. Christene moet seksuele immoraliteit (ontug) vermy.

Die Bybel sê, “Dit is die wil van God dat julle ’n heilige lewe lei: dat jy jou weerhou van onsedelikheid.” Ons leef in ’n tyd waar seksuele immoraliteit, pornografie, voorhuwelike seks en sondes soos verkragting en bloedskanie toeneem. Meer en meer jongmense raak hierin verstriek. Vroeër was dit goedkoop boekies en tydskrifte. Nou is dit veral pornografie op die Internet, televisie en DVD’s wat seksuele immoraliteit binne in die huise en gesinne inbring.

Ten spyte van die feit dat owerhede “veilige seks” deur gebruikmaking van voorbehoedmiddels voorstaan, neem die getal van tiener aborsies in die hele wêreld dramaties toe. Tradisionele maniere om met die teenoorgestelde geslag om te gaan word vervang deur moderne maniere, waarin daar skynbaar geen terughoudendheid (selfbeheersing) m.b.t. seks bestaan nie. Tieners en selfs volwassenes dra weinig kennis oor die gevare van seksuele immoraliteit. Hulle besef nie dat die sogenaamde “veilig seks” glad nie so veilig is nie!

Die meeste jongmense weet nie hoe om met die teenoorgestelde geslag om te gaan nie. Die enigste voorbeelde wat hulle het, is hulle immorele vriende en die aanbieding van seksuele immoraliteit deur die media. **Maar daar is baie gesonde beginsels oor seksualiteit in die Bybel.**

4:1

Ontdekking 2. Christene word duidelik geleer hoe om tot eer van God te leef.

Die Bybel leer Christene hoe hulle hul moet gedra en hoe God wil hê dat hulle moet leef (vers 1). Dit is dus nie God se bedoeling dat mense maar kan leef soos hulle wil nie, spesifiek met betrekking tot die verhouding met die teenoorgestelde geslag. Wat God wil hê, is dat Christene ’n heilige lewe lei (vers 3)! ’n Heilige lewe in die verhouding met die teenoorgestelde geslag bestaan uit vier sake:

- Vermy seksuele immoraliteit (ontug)
- Leer om jou eie liggaam te beheers
- Leer om jou eie lewensmaat op ’n heilige en eerbare manier te wen
- Moenie jou broer benadeel of bedrieg met seksueel immorele gedrag nie

Jongmense behoort hierdie vier waarhede te leer sodat hulle God behaag.

STAP 3. VRA.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?

Kom ons probeer al die waarhede in 1 Tessalonisense 4:1-8 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

Besprek. (Kies dan ’n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

4:1-2

Vraag 1. Wat is die verskil tussen ‘ontug’ en ‘egbreuk’?

Aantekeninge. Hebreërs 13:4 sê, “Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.”

Die woord vir ‘ontug’ in Grieks is ‘porneia’ en sluit elke vorm van seksueel immorele aktiwiteite in met ’n persoon met wie jy nie getroud is nie! Dit sluit die volgende in:

- alle Bybels onwettige seksuele gedagtes, motiewe, woorde en dade
- Die boek Levitikus noem die volgende onwettige seksuele handeling: alle vorme van seksuele handeling met ’n direkte familielid (bv. ontbloting, betasting, bloedskanie)
- seksuele omgang met iemand anders as jou huweliksmaat
- seksuele handeling met iemand van dieselfde geslag
- en seksuele handeling met ’n dier (Levitikus 18:6, 20,22,23).

Die woord vir ‘egbreuk’ in Grieks is ‘moicheia’ en sluit die volgende in:

- enige vorm van seksuele handeling met iemand wat nie jou huweliksmaat is nie
- die onwettige inmenging in die huwelik van ’n ander
- en die skuldige party in ’n egskedding.

Gevolgtrekking: seksuele handeling word alleen toegelaat met jou huweliksmaat en wel ná die huweliksluiting.

Die Bybel waarsku dat God die ontugtiges (mense wat seks vóór die huwelik bedryf) en egbrekers (mense wat seks buite die huwelik bedryf) sal oordeel!

Beide woorde kan ook verwys na ontrou en afvalligheid van God deur afgodery, wat geestelike immoraliteit of geestelike hoerery genoem word (Jeremia 5:7-8; Jeremia 9:3; Esegïel 16:15-16; Markus 8:38; Jakobus 4:4).

4:3-4

Vraag 2. Wat is die beste vertaling van 1 Tessalonisense 4:3-4?

Aantekeninge. 1 Tessalonisense 4:3-4 kan op drie maniere vertaal en uitgelê word en al drie is korrek.

(1) Beheer jou eie liggaam.

“Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid (seksuele immoraliteit). Elkeen van julle moet *weet hoe om sy eie vat ('n verwysing na sy eie liggaam) heilig en eerbaar te beheer.*”

(2) Verwerf (verower, wen) jou huweliksmaat.

“Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid (seksuele immoraliteit). Elkeen van julle moet weet hoe om sy *vat ('n verwysing na sy huweliksmaat: man of vrou) heilig en eerbaar te verwerf (verower, wen).*”

(3) Saamleef met jou huweliksmaat (NAV).

“Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid (seksuele immoraliteit). Elkeen van julle moet weet hoe om *met sy vat ('n verwysing na sy huweliksmaat) heilig en eerbaar saam te lewe.*”

4:3-4

Vraag 3. Hoe leer ek om my eie liggaam te beheer (die eerste betekenis onder vraag 2)?

Aantekeninge.

(1) Leer om jou tong te beheer.

Lees Efesiërs 5:3-4. “Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle”. Die woord vir “seksuele immoraliteit” word gebruik van die tong. Dit verwys na skinder oor die seksuele lewe van mense en om seksuele woorde te gebruik in vloeke en seksuele (vuil) grappe. Christene moet ’n gesonde seksuele opvoeding aan hulle kinders gee. Christene moet met groot erns praat oor hoe gesonde seksuele verhouding in die huwelik ontwikkel kan word. Daar moet ook onder Christene nie grappe oor seks gemaak word nie!

(2) Leer om jou oë te beheer.

Lees Job 31:1. “Ek het my plegtig verbind om nie na 'n meisie te kyk en haar te begeer nie.” Die bedoeling is om na 'n vrou te kyk in wellus. Mans word veral verlei en versoek deur wat hulle met hulle oë sien. Dis veral as 'n vrou nie goed (betaamlik) geklee is nie of sekere dele van haar liggaam nie goed bedek hou nie, wat 'n man tot seksueel immorele gedagtes verlei. Dis ook plakkate van prikkelpoppe in goedkoop tydskrifte wat 'n verleiding vir mans is. Seksuele immoraliteit begin meestal met wat die oog sien, en die drange word heftig soos wat daarvoor gebroei word en dit word uiteindelik byna onweerstaanbaar en gaan oor in een of ander verkeerde aksie. As jy dus 'n man is, sluit dan 'n ooreenkoms met jou oë om nooit met wellus na vrouens te kyk nie. Besluit om plekke waar wellustige vroue hulleself adverteer, asook alle pornografiese webblaaie op die Internet, tydskrifte en DVD's ens. heeltemal te vermy. Sluit 'n ooreenkoms met God dat as jy onverwags sulke dinge sien, jy nie 'n tweede maal daarna sal kyk nie.

(3) Leer om jou hart (die sentrum van jou gedagtes, emosies en wil) te beheer.

Lees Spreuke 6:25. “Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie (Hebreeus: moenie haar in jou hart begeer nie), moenie dat sy jou vang met haar oë nie.” God het vrouens baie mooi geskep. Maar sommige vrouens misbruik hulle skoonheid om mans te verstriek in seksuele immoraliteit. Die manier waarop hulle hul aantrek, met hulle liggaamshouding of uitnodigings met die oë probeer hulle om mans te verlei. Prostitute oor die hele wêreld ken hierdie swakheid by mans en ook natuurlik hulle eie swakhede. Die beheer sentrum in elke mens is in sy ‘gees’, of in Bybeltaal, sy ‘hart’. Die hart beheer die gedagtes van sy *denke*, die verlangens van sy *hart* en die keuses en besluite van sy *wil*. Alhoewel daar geleenthede is wat jy dit nie kan verhelp om 'n immorele vrou raak te sien nie, kan jy altyd besluit om nie verder na haar te kyk nie. Moenie eers dink aan haar skoonheid of haar pogings om jou te vang nie. Laat die Heilige Gees liever toe om jou hart te beheer. “Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:5).

(4) Leer om jou voete te beheer.

Lees Spreuke 5:7-10. “Luister na my, my seun, bly by wat ek jou sê: Bly weg van haar af, moenie naby haar huis se deur kom nie dat jy nie jou mooiste jare verspil nie, jou beste jare aan 'n hartelose mens gee nie, dat vreemdes hulle nie vol eet aan die vrug van jou arbeid nie, dat dit waarvoor jy gewerk het, nie in die huis van 'n ander beland nie.” Elke plek in die wêreld het prostitute en prostituutbase. Elke dorp het mans en vrouens met slegte reputasies. Bykans almal weet waar hulle aangetref kan word en waar hulle hul strikke stel. Vermy hierdie plekke soos die pes. Die Bybel sê, “Bly weg..!” van die rooi en geel lig gebiede, die “adult shops”, sekskroeë, masseersalonne, twyfelagtige disko's, nagklubs, ens. want daar is die doel juis om mense in strikke te vang. Vermy vriendskap met 'n jongman of meisie met 'n slegte reputasie op skool of in die gemeenskap. Leer om jou voete te beheer en ver van hierdie plekke af weg te bly.

(5) Leer om jou hande te beheer.

Lees Spreuke 5:15-21. “Jy het tog self ’n vrou, jy het tog self ’n put met water: drink die strome uit jou eie fontein. Moet jou fontein dan ook die wêreld vol loop, jou strome water oral heen vloei? Hulle is tog net joune, en jy sal hulle nie met ’n ander wil deel nie. Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, so vol liefde, so mooi soos ’n takbok, soos ’n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm. Waarom sou jy jou laat bedwelm deur ’n slegte vrou, my seun, waarom sou jy in die arms van ’n ander vrou gaan lê? ’n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy.” Die moderne manier om met iemand van die teenoorgestelde geslag ’n verhouding op te bou is om absoluut geen grense te hê nie. Daar word openlik en skaamteloos gepropageer, “Just do it! Doen dit net!” Mense dink dat alles maar net gedoen kan word en hulle hoegenaamd geen vrees oor die gevolge van hulle dade het nie. Só het baie mans (maar ook vrouens) moeite om hulle hande van die liggaam van ’n ander tuis te hou. Dit begin met betasting van mekaar se liggaam, gaan verder met die hande onder die klere en eindig in ’n ramp vir baie: ongewenste seks, ongewenste swangerskap, ongewenste moord op ongebore babas en in sommige kulture ongewenste geforseerde huwelike. Terwyl baie mans verlei word deur wat hulle sien, word baie vrouens verlei deur die aanraking van ’n man. Veral mans moet leer om hulle hande tuis te hou. Net soos verkeerstekens die grense vir die padverkeer aandui, so gee die Bybel ook duidelike grense vir die verkeer tussen mans en vrouens wat met mekaar uitgaan. Christene mag mekaar alleen op ’n heilige en eerbare manier aanraak.

4:3-4

Vraag 4. Hoe leer ek om ’n huweliksmaat te kry of te wen (die tweede betekenis onder vraag 2)?

Aantekeninge. Vanweë al die bogenoemde redes moet Christene leer om op ’n ander manier as die nie-Christene met mense van die teenoorgestelde geslag om te gaan. Die Bybel sê dat mans ’n huweliksmaat mag verwerf (verower, wen), maar dan alleen op ’n heilige en eerbare wyse! Mense mag mekaar nie verwerf (verower, wen) “deur hartstog en begeerte gedrywe ...” soos die heidene (nie-Christene) wat vir God nie ken nie (vers 5). God beveel Christene dat hulle hul huweliksmaats moet verwerf (verower, wen) op ’n heilige en eerbare wyse. Die woord “heilig” beteken ‘afsondering van wat sleg in God se oë is’ en ‘toewyding aan wat goed in God se oë is’. En die woord “eerbaar” beteken ‘op ’n manier wat God en ander mense respekteer’. God moenie jou manier van ’n huweliksmaat kry (verwerf, verower, wen), veroordeel nie. En ander mense moenie daarvoor kan kwaadsprek nie. In die periode vóór hulle huwelik, (maar ook gedurende die huwelik) moet mans en vrouens selfbeheersing beoefen! Hulle moet hulle tong, oë, hart (gedagtes van hul denke, gevoelens van hul hart en keuses en besluite van hul wil), voete en hande almal beheer. God is die Een wat die grense in die verhouding met die teenoorgestelde geslag bepaal. Hy bepaal wat mens mág of nié mag doen nie in die periode van kennismaking, gekys wees en verloving. In alle fases van hulle verhouding moet mans en vrouens seksuele immoraliteit vermy en selfbeheersing bly beoefen!

4:3-4

Vraag 5. Hoe leer ek om met my huweliksmaat saam te lewe (die derde betekenis onder vraag 2)?

Aantekeninge.

Ook in die huwelik het God grense vir die man en die vrou gestel. ’n Man of ’n vrou mag nie op ’n onheilige en oneerbare manier met die liggaam van hul huweliksmaat omgaan nie. Pornografie, orale of anale seks, weiering om hul huwelikspelig teenoor mekaar na te kom (1 Korintiërs 7:1-5) en geweld in die huwelik is almal verbode!

4:3-4

Vraag 6. Watter grense moet ek hê in my verhouding tot die teenoorgestelde geslag?

Aantekeninge. Christene behoort grense te hê in hulle verhouding met die teenoorgestelde geslag. Christen ouers en leiers behoort hierdie grense aan jong manne en vroue onder hulle sorg te leer. Jong manne en vroue behoort aan die begin van hulle verhouding (wanneer hulle mekaar begin aanraak) saam grense vasstel vir hoe hulle met mekaar sal omgaan. Hulle behoort ook aan mekaar te belowe om nié daardie saam vasgestelde grense te oortree nie! Hulle ooreenkoms behoort grense of standaarde te stel vir die volgende:

(1) Tyd. Wanneer gaan julle mekaar ontmoet? Hoe dikwels gaan julle by mekaar uitkom? Hoeveel ure gaan julle bymekaar wees? Hoe laat moet julle die kuier vir die aand beëindig en wanneer moet julle by die huis wees as julle uitgaan iewers heen?

(2) Plek. Waar gaan julle mekaar ontmoet en kuier? Waar gaan julle beslis nie heen nie?

(3) Aktiwiteite. Watter dinge doen julle saam? Watter dinge sal julle nie doen nie? Erken en verklaar teenoor mekaar dat God alles sien wat julle doen. “’n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy” (Spreuke 5:21). “Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee” (Hebreeërs 4:13)!

(4) Liggaamlike kontak. Sogenaamde “veilig vry” of ook bekend as “safe sex” (bv. d.m.v. voorbehoedmiddels te gebruik) vóór die huwelik is nooit heeltemal veilig nie! Buitendien verbied die Bybel dit vóór die huwelik! Die paartjie moet met mekaar afsprek om onder geen omstandighede voor die huwelik saam bed toe te gaan nie. Die voorskrif van die Bybel is totale seksuele onthouding voor die huwelik. “Die huwelik moet deur almal

eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom” (Hebreërs 13:4) (sien vraag 1).

Die paartjie moet reg aan die begin van hulle gekys wees die volgende vrae saam bespreek en saam duidelike grense opstel wat op die Bybel gebaseer is. (’n Dominee het die volgende voorstel gemaak: “Skryf hierdie punte van julle ooreenkoms neer en onderteken dit albei. Moenie vae sinne neerskryf nie, maar spel dit duidelik uit sodat kanse vir misverstand uitgeskakel kan word”).

- (a) Bybels geoorloof. Watter soort liggaamlike kontak mag ons volgens die Bybel voor ons huwelik met mekaar hê?
- (b) Bybels verbode. Watter soort liggaamlike kontak mag ons volgens die Bybel voor ons huwelik nie hê?
- (c) Kultureel onaanvaarbaar. Watter soort liggaamlike kontak mag ons volgens die Bybel wel hê, maar is kultureel onaanvaarbaar? Die christelike liefde hou rekening met wat kultureel onaanvaarbaar is (vgl. Romeine 14:1,13,20-21).
- (d) Liefdeloos afbrekend. Watter soort liggaamlike kontak bou die ander een op? Watter soort liggaamlike kontak breek die ander een af? Watter soort liggaamlike kontak is wel Bybels, maar help die ander een nie? “Die christelike liefde doen jou naaste geen kwaad aan nie” (Romeine 13:8).

Gevolgtrekking. Die manier waarop Christen-mans en -vrouens met mekaar omgaan verskil van die manier waarop nie-Christene dit doen. Christen-mans en -vrouens moet altyd in hulle verhouding met mekaar in heiligheid en eerbaarheid optree en nooit met wellustige begeerte nie. Elke mens wat hierdie Bybelse instruksie verwerp, verwerp God (vers 8)!

4:6

Vraag 7. Wie is die broer wat te na gekom of bedrieg word?

Aantekeninge. Wanneer ’n persoon tog iemand van die teenoorgestelde geslag soos nie-Christene met hartstogtelike wellus probeer wen, dan bedrieg hy “sy broer” met hierdie optrede. Hierdie broer kan die vader of voog van die meisie wees, of die broer van die meisie, of die broers en susters in die gemeente. Maar waarskynlik is hierdie ‘broer’ die toekomstige man van die meisie. ’n Man het die hoofverantwoordelikheid omdat hy die aktiewe rol speel in ’n seksuele verhouding met ’n vrou. Wanneer hy met hartstogtelike en wellustige begeerte met haar omgaan of saam met haar bed toe gaan, skaad en bedrieg hy al hierdie ander mans wat aan haar verwant is. Hy beroof ook haar toekomstige man van die voorreg om met ’n maagd te trou.

Die Bybel laat egter nie toe dat hierdie ander mans wraak neem nie, omdat wraak alleen aan God behoort en dit is die allerverskriklikste ding wat met jou kan gebeur (Romeine 12:17-21). “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Hebreërs 10:31).

As ’n Christen seksuele immoraliteit begaan het, moet hy beseft dat dit in God se oë sonde is en moet hy dit voor God bely. Mans en vrouens wat in seksuele immoraliteit geval het, kan volkome vergifnis van God ontvang en ’n nuwe begin in hulle lewe maak, mits hulle dit met opregte berou doen en hulle van dié sonde bekeer (1 Korintiërs 6:11). “Gaan maar en moet van nou af aan nie meer sonde doen nie” (Johannes 8:11).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou ’n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van 1 Tessalonisense 4:1-8 neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 1 Tessalonisense 4:1-8.

- 4:1. Lees die Bybel met die volgende vraag in gedagte, “Hoe moet ek leef om God te behaag (tevrede te stel, bly te maak)?”
- 4:1. Wat moet ek verander om God nog baie meer te behaag (bly te maak, tevrede te stel)?
- 4:3. Wat moet ek doen om seksuele immoraliteit te vermy?
- 4:4. Wat moet ek doen om my eie liggaam goed te beheer?
- 4:4. As ek nog ongetroud is, hoe kan ek my huweliksmaat op ’n heilige en eerbare wyse verwerf (verower, wen)?
- 4:4. As ek al getroud is, hoe behoort ek heilig en eerbaar met my lewensmaat saam te lewe?
- 4:5. Hoe kan ek allerlei vorms van wellus en hartstogtelike begeertes vermy?
- 4:6. As ek ’n broer op die gebied van seksuele immoraliteit te na gekom of bedrieg het, dan kan ek met opregte berou en belydenis van sonde vergifnis ontvang en weer ’n nuwe begin maak.
- 4:7. Skryf die woorde op ’n plek waar jy dit elke dag kan lees: “God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe”.
- 4:8. Moet nooit vergeet dat ’n mens wat hierdie voorskrifte m.b.t. die seksuele moraliteit verwerp, God Self verwerp!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 1 Tessalonisense 4:1-8.

Ek wil leer om my oë te beheer. Daarom spreek ek af met God om nie langer met wellus na vrouens te kyk nie en immorele gedagtes onmiddellik te stop.

Ek wil jongmense bly leer dat die Christelike manier om iemand van die teenoorgestelde geslag te verwerf (verower, wen) nie net moontlik is nie, maar ook baie mooi is. Ek wil hierdie Bybelstudie met jongmense doen wanneer ek die kans daarvoor kry.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in 1 Tessalonisense 4:1-8.
(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	--------------------------------------

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE LES
---	--------------------------	------------------------------------

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van 1 Tessalonisense 4:1-8 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Handeling 15:1 – 18:17. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memoriserings. Oordink die nuwe Bybelverses en leer dit uit jou kop. (3) Gebed. Johannes 15:7. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memoriserings, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.